


Die opleiding is daarop gemik om maatskaplike werkers, terapeute, opvoeders en ander professionele persone wat met kinders werk, met die nodige kennis en praktiese vaardighede toe te rus om die stem van die kind rég te hoor en te verteenwoordig. Hierdie opleiding dra by tot die bevordering van goeie praktyke en etiese hantering, wat op hul beurt kinders se betrokkenheid by en deelname aan die regstelsel en gesinsomgewing verbeter. Slegs Solidariteit-lede kan die geleentheid bywoon.

**1. Verstaan die wetsvereistes:**
• Deelnemers sal 'n grondige begrip ontwikkel van die toepaslike wetsbepalings in die Kinderwet en ander relevante wette wat bepaal hoe kinders se menings en wense in regs- en gesinsbesluite gehoor moet word.

• Daar sal spesifiek gefokus word op hoe die bepalings in die praktyk toegepas kan word om te verseker dat kinders se regte nie net erken word nie, maar ook beskerm word.

**2. 'n Praktiese benadering tot kinderdeelname:**
• Tegnieke en metodologieë sal aangeleer word oor hoe om kinders se wense en menings op ŉ sensitiewe en nie-konfronterende manier te verkry.

• Deelnemers sal leer hoe om kindervriendelike onderhoudvoering en assesserings te doen wat die kind se ouderdom, ontwikkelingsvlak en emosionele toestand in ag neem.

**3. Etiese grondslae en goeie praktyke:**
• Deelnemers sal kennis opdoen oor die etiese standaarde wat in ag geneem moet word wanneer daar met kinders gewerk word.

• Die opleiding sal riglyne verskaf om professionele optrede en die nakoming van etiese verantwoordelikhede te verseker, met ŉ fokus op die belang van vertroulikheid, kindergepaste kommunikasie en empatie.

**4. Herken en hanteer potensiële netelige kwessies:**
•Deelnemers sal toegerus word om komplekse kwessies soos ouerlike vervreemding, kindermishandeling en ander spesiale behoeftes wat die kind se deelname kan beïnvloed, te identifiseer en te hanteer.

•Die opleiding sal praktiese scenario's en gevallestudies insluit om hierdie konsepte beter te illustreer.

**5. Ontwikkeling van geskikte vaardighede vir ouer-kind-interaksie:**
• Die kursus sal daarop fokus om die vaardighede te ontwikkel om interaksie tussen ouers en kinders met betrekking tot ouerskapplanne en tydens gesinsbemiddeling te fasiliteer.

• Deelnemers sal geleer word hoe om die kind se deelname te balanseer met die ouers se insette om gesamentlike besluitneming aan te moedig.

**6. Kommunikasietegnieke en sensitiewe hantering:**

• Deelnemers sal opleiding ontvang oor hoe om kinders se stemme op ŉ sensitiewe wyse te hoor en in gesinskonfliksituasies aan te wend.

• Deelnemers sal ook leer om die omgewing waarin die kind ondervra word, te optimaliseer om ŉ veilige en ondersteunende ruimte te skep waarin die kind gemaklik voel om sy/haar gedagtes te deel.

**7. Ontwikkel beleidsvaardighede en insluitende praktyke:**

•Deelnemers sal opgelei word om beleidsriglyne en beste praktyke te ontwikkel wat verseker dat kinders konsekwent en effektief by besluitneming betrek word.

•Die fokus sal op die bevordering van kindergeregtigheid en die implementering van hierdie beleide in skole, gesinne en gemeenskappe wees.